

Sing vooraf staande: Psalm 33:10, 11 (p. 160)

- 10 Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte / en red hul siele van die dood.
Hy sorg vir hul by somerdroogte, / in sware tyd en hongersnood.
In die grootste smarte / bly nogtans ons harte / op die HEER vertrou.
Hy, ons skild, Hy wyk nie, en ons hulp beswyk nie / waar ons hart op bou.
- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:1, 20 (p. 71)

- 1 Ek het U hartlik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 20 U wat my red, my hoog verhef, / die vyand fnuik, tiranne tref –
U wil ek loof, U singend eer, / U by die nasies groot maak, Heer,
en U vir groot verlossings prys! / Aan u gesalfde is guns bewys,
aan Dawid en sy nageslag: / U sy die eer en roem en krag!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 43:3, 4 (p. 220)

- 3 Send, HEER, uit hemelse geweste / u lig en waarheid neer op my!
Laat dié my bring na Sions veste, / want daar is 't my die allerbeste,
waar ek, u woning ingelei, / my in u diens verbly.
- 4 Dan gaan ek in na Gods altare, / tot God, my God, my vreugde en lied;
dan speel ek met die harpenare, / dan ruis vir U my blye snare –
vir U wat my, ná kort verdriet, / 'n eewige vreugde bied.

Gebed

Skrifberyming 2-1:1, 5, 6, 7 (19:1, 5, 6, 7)

- 1 Nou sal ek opstaan, na die woning weer, / die vaderhuis my wank'le voetstap keer.
“My vader, sal ek sê, van misdaad sku, / “my sonde is teen die hemel en voor u.”
- 5 “Van hoë kindskap het ek neergestort / en is nie werd u seun genoem te word;
as ek, my vader, wat u gramskap vrees, / as ek by u 'n huurling maar kan wees.”
- 6 Die vader sien sy slawe wagtend staan; / “Bring hier die beste kleed, trek hom dit aan;
bring vir sy hand die ring van fynste gloed / en skoeisel vir sy afgesloofde voet,
- 7 “Want hy, my seun, oor wie ons vrolik is, / was dood en het, in bly herrysenis,
weer lewendig geword; en hy, my kind, / vir my verlore, is eindlik weer gevind.”

Skriflesing: Joël 1:1-2:17

Kernverse: Joël 2:12-13a

Maar selfs nou nog, spreek die HERE, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geweën en rouklag. En skeur julle hart en nie julle klere nie. (Joël 2:12-13a AFR53)

Tema: Die HERE roep ons op tot bekering

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, *bekering* is vir ons nie 'n vreemde woord nie. Bekering is immers iets wat al gebeur het met elkeen wat waarlik in Christus glo. Ons weet ook dat die Heilige Gees daardie eerste bekering in 'n mens werk. As gevolg van die wedergeboorte wat die Heilige Gees deur middel van die onverganklike Woord van God in 'n mens bewerk, skenk Hy ook geloof aan die mens, en vanuit die geloof vind daardie eerste bekering plaas. Omdat 'n mens oortuig is van die Here se regverdigheid en genade laat staan 'n mens jou lewe van vroeër wat gekenmerk is deur onreg en boosheid. Jy onderwerp jouself aan die heerskappy van Jesus Christus. Deur die inwerking van die Heilige Gees wil 'n mens self nie meer sonde doen nie, maar doen wat die Here van jou vereis.

Sommige Christene kan hierdie eerste bekering wat die Heilige Gees bewerk het baie goed onthou. Paulus het sy bekering op die pad na Damaskus sy lewe lank onthou, want sy lewe lank het hy verstom gestaan oor die groot genade wat God in Christus aan hom geskenk het. Baie ander Christene – miskien die meeste van ons – kan nie ons eerste bekering so duidelik in herinnering roep nie. Die meeste van ons vanoggend hier het weer op 'n ander manier groot genade van die Here ontvang. Ons is en was bevoorreg om in huise met Christenouers groot te word. So, asof in ons slaap, het die Heilige Gees daardie eerste bekering by ons bewerk. Toe ons maar agterkom, het ons al in die Here geglo en verder gegroei in ons geloof.

Met bekering het die Christen in beginsel nie 'n probleem nie. Maar wanneer 'n mens die eerste keer deur die Here bekeer is, is dit nie die einde van bekering nie. 'n Baba wat gister gebore is, kan nie vandag alles doen wat sy pa en ma kan doen nie. Iemand wat wedergebore is, is nog nie 'n volmaakte Christen nie. Daar moet groei by die Christen kom sodat hy uiteindelik na hierdie lewe in volmaaktheid by die Here opgeneem word. Een van die kern-elemente van hierdie groei tot volwassenheid en uiteindelik tot volmaaktheid in die geloof is voortdurende bekering.

Alhoewel Christene oor die algemeen met bekering nie 'n probleem het nie, is gelowiges geneig om teen hierdie voortdurende bekering in opstand te kom. Dink maar net aan die teenkanting wat Johannes die Doper beleef het toe hy bekering onder die Jode gepreek het. Veral onder die Fariseërs en skrifgeleerdes was daar teenkanting teen hierdie soort prediking. Hulle sou seker by hulleself geredeneer het: Ons is mos gelowiges. Hoe kan hy ons nou aansê om ons te bekeer? Is ons dan heidene? Van nature is dit ook maar hoe Christene redeneer wanneer hulle hoor dat hulle hulle moet bekeer. Ons is mos nie heidene nie. Waarvan moet ons onself dan bekeer?

Broers, susters en kinders, die Here ken hierdie opstandige geaardheid van ons mense. Deur sy profete het Hy so baie kere sy volk tot bekering opgeroep, maar hulle het hulle eenvoudig net nie daaraan gesteur nie. Selfs deur magtige dade soos wat gebeur het op die berg Karmel toe Elia teenoor die profete van Baäl te staan gekom het, is die volk maar net vir 'n kort tydjie oorgehaal om die Here te gehoorsaam. Kort voor lank het hulle maar weer met hulle ongelowige lewe voortgegaan.

As volmaakte Vader sal die Here nie aanhoudend net praat om mense tot bekering op te roep nie. En as hulle hulle aan sy magtige daade soos op die berg Karmel nie steur nie, sal Hy groter daade doen. Dan sal Hy selfs 'n ramp beskik om mense te laat sien dat hulle die Here werklik nodig het en dat hulle nie sonder Hom as hulle God kan lewe nie. Die Here het 'n ewige verhouding met sy mense begin en Hy sal hulle terugroep na Hom toe om in hierdie verhouding te lewe.

Oor die tyd wanneer Joël as profeet opgetree het, is daar nie baie duidelikheid nie. In die boek self het die Here nie vir ons 'n tydperk opgeteken nie. Die enigste wat ons wel uit die boek kan aflei is dat hy voor die ballingskap geprofeteer het en heel moontlik tydens een van latere konings wat in Jerusalem geregeer het.

In hierdie profesieë begin die Here sommer met die aankondiging van die ramp wat sy volk gaan tref. Hulle het nog nooit so iets gesien nie. So 'n ramp het ook nie in hulle vaders se leeftyd plaasgevind nie. Die Here gaan die een sprinkaanswerm na die ander oor die land stuur. Ons hoor dat tot vier opeenvolgende swerms sal kom (Joël 1:4).

Die ellende as gevolg van so 'n sprinkaanswerm is vir ons wat nou leef en boonop ook nog in die stad woon maar redelik onbekend. Maar boere wat al in die verlede deurgeloop het onder 'n sprinkaanplaag weet as so 'n swerm sprinkane verbygetrek het, is daar nie 'n krieseltjie groenigheid meer oor nie. Dit is asof kos en drank van die mense weggeruk is. Dit is so erg dat daar nie eers graan of wyn is om aan die Here 'n spys- en drankoffer te bring nie.

Hierdie sprinkaanswerms – hoe erg die gevolge daarvan ook al was – was nog maar net die waarskuwing van die ellende wat gaan kom. In die tweede hoofstuk moet die profeet die basuin blaas om alarm te maak. Nou kry die dag waarop hierdie ellende gaan kom 'n naam. Dié dag word genoem **die dag van die HERE** (Joël 2:1, 11).

Die begrip *die dag van die HERE* is 'n begrip wat deur verskeie profete gebruik word. En omdat dit in hierdie hoofstuk so uitdruklik genoem word, is dit goed dat ons dit sal begryp. Israel van voor die ballingskap het onder *die dag van die HERE* verstaan dat daar vir hulle net geluk en vrede sal wees. Hulle het verstaan dat *die dag van die HERE* beteken dat God hulle van al hulle vyande sal verlos en hulle skotvry daarvan gaan afkom. Deur sy profete het die Here dit egter telkens duidelik gemaak dat *die dag van die HERE* die dag is waarop Hy die onreg gaan uitroei, of dit nou onreg is wat sy volk gepleeg het of onreg van die heidene, dit maak nie saak nie. Op *die dag van die HERE* roei die Here die onreg uit op die wyse wat Hy self kies.

Nog iets oor *die dag van die HERE*: Elke groot en bepalende moment in die geskiedenis van 'n volk of land kan met die woorde *die dag van die HERE* benoem word. Dit is immers 'n dag waarop die Here sy oordeel bekend maak. So is daar in die geskiedenis van die wêreld baie sulke groot en bepalende momente wat as *die dag van die HERE* benoem kan word. Maar elkeen van hierdie dae is 'n voorafskaduwing, 'n voorskou van die een laaste dag van die Here wanneer Jesus Christus terugkom op die wolke van die hemel om as Regter die finale oordeel te kom vel. En hoe nader ons aan daardie laaste en finale dag van die HERE kom, hoe meer gereeld kry ons hierdie voorskoue van die dag van die HERE en hoe intenser word die voorskoue.

Die skrikwekkende van hierdie ramp wat die volk gaan tref is nie sommer maar net 'n ramp nie. Die sprinkaanswerms, hoe skokkend dit ook al mag wees, is die Here se eie leërmag waarmee Hy teen sy volk opgetrek het. Hy verhef sy stem voor sy leërmag. Hulle is die

uitvoerders van die Here se oordeel oor sy volk. Hoe skrikwekkend dit ook al vir ons mag klink, die rampe wat tans in die wêreldgeskiedenis en in ons eie onmiddellike omgewing plaasvind is ook in die hand van die Here ons God. Hy is besig om sy groot en verskriklike dag aan te kondig.

As ons dan tot hiertoe moet antwoord hoekom die Here sulke groot massiewe rampe oor die aarde en in lande bring, sal ons nie anders kan nie as om te sê dit is die Here se oordeel. Dadelik sal 'n mens dan vra, maar hoekom gebeur dit dat gelowiges ook daaronder ly? Die oordeel van die Here is nie teen sy gelowige kinders gemik nie maar teen die goddeloosheid in hierdie wêreld. Vir hulle vir wie Jesus Christus hulle Verlosser is, is hulle dood in hierdie verskriklike dag van die Here nie 'n betaling van skuld nie. Christus het hulle skuld klaar betaal. Gelowiges wat sterf in hierdie groot rampe was in die spervuur waar die Here sy oordeel oor die goddeloosheid gevel het. Hulle het gesterf, nie omdat die Here kwaad was vir hulle nie, maar omdat Jesus hulle by Hom wil hê waar Hy in die hemel is.

Maar daar is nog 'n antwoord op die vraag hoekom die Here hierdie groot massiewe rampe oor die aarde en in lande bring. Hoor hoe sê die Heilige Gees dit in ons kernverse:

Maar selfs nou nog, spreek die HERE, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geweene rouklag. (Joël 2:12 AFR53)

Selfs in hierdie benarde omstandighede, in 'n tyd waarin dit vir ons mense lyk asof dit heeltemal te laat is om nog na die Here terug te keer, is dit die Here self wat roep: Kom terug na My toe. Vir ons kan dit te laat lyk, vir ons kan dit lyk asof ons mense heeltemal te ver van die Here afgedwaal het om ooit weer na Hom toe terug te kom. Luister nou net na hierdie troosryke woord, geliefdes: Solank as wat die laaste en finale dag van die Here nog nie aangebreek het nie, is dit nog nie te laat nie en is ons mense nog nie te ver vir die Here nie. Sy arm is nooit te kort om ons nader aan Hom te trek nie en sy stem is nooit te sag dat ons Hom nie meer kan hoor nie. Hy roep: Kom terug na My toe. Hy roep hard in die ramp, want dit is 'n saak van lewe en dood. Hy roep ernstig, want net Hy self weet wanneer die laaste en finale dag van die Here aanbreek en dan sal daar nie meer geroep word nie.

Klink dit miskien vir ons teenstrydig? Vra ons onself af: Hoe kan die Here met 'n ramp ons terugroep? Hoe kan Hy in dieselfde asem sy leëmag aanvoer om die ramp te bring en ook nog die mense oor wie die ramp kom, terugroep? Dit klink vir ons teenstrydig, maar dit is troosryk. Indien rampe maar net die sameloop van omstandighede was waarmee die Here niks te doen gehad het nie, hoe sou ons seker kon wees dat Hy ons kan help as ons tot Hom roep? Dit sou moeilik wees om seker te wees dat die Here ons kan help as daar 'n ramp buite sy beheer in die skepping gekom het. Dit is egter 'n heeltemal ander saak as 'n mens terugkeer na die Here wat self die ramp oor die land bring, veral as 'n mens weet dat die Here ons by Hom terug wil hê.

Israel het in die woorde, *Kom terug na My toe*, hulle Here se stem gehoor. Dit is dieselfde Here wat 'n ewige verbond met hulle gesluit het en belowe het om hulle God te wees. Dit is nie Israel wat met hulle berou en bekering die Here vir hulleself ontvanklik sou maak nie. Die Here was van die begin af uit sy eie ontvanklik vir sy volk, daarom roep Hy hulle.

Wanneer ons vandag die woorde hoor, *Kom terug na My toe*, hoor ons ook die stem van die Here wat belowe het om ons God te wees. Ons hoor die stem van die Here wat niks ontsien het om ons by Hom te hê nie, nie eers sy eie Seun nie. Dit is daarom nie ons wat iets moet doen om die Here vir ons ontvanklik te maak nie. Juis omdat Hy ons roep, kan

ons seker wees dat Hy ons regtig by Hom wil hê. Hy is uit Homself uit begerig om ons by Hom te hê.

En in sy roepstem laat die Heilige Gees ons ook hoor hoe hierdie Here is wat ons na Hom toe terugroep. Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is ons hemelse Vader vir wie dit bitter is om te sien hoe sy kinders swaarkry onder rampe as gevolg van hulle eie sonde. Hy is ons hemelse Vader wat vir sy kinders net die allerbeste wil gee. Hy is selfs bereid om die straf te herroep, as hulle maar net na Hom sal luister.

Broer, suster en kind, hoor jy ook die roepstem van die Here jou God? Voel jy ook hoe die Heilige Gees jou met die woord van die Here nader aan jou Vader trek? As jy dit hoor en voel, vra jousef ook nou af: Hoe moet ek na die Here toe teruggaan? Hierdie vraag het ook in die gemoed van Israel gemaak. Hulle het nie meer graan op die lande nie. Aan die wingerde hang daar nie eers 'n enkele trossie druiwe nie. Hulle kan met niks na die Here toe gaan om as 'n offer te bring waarmee hulle hulle skuld erken en bely nie. Maar dit is ook nie wat die Here verwag nie. Hy verwag nie nou offers van graan of drank nie. Hy soek nou maar alleen sy volk by Hom.

As ons ook gereken het om eers iets te doen voordat ons na die Here toe kan teruggaan, maak ons 'n groot fout. Die Here wil nie hê dat ons eers 'n bietjie beter moet word en mooier moet lewe voordat ons na Hom toe terugkom nie. Hy wil hê ons moet soos ons nou is na Hom toe terugkom. Hy wil nie iets hê nie; Hy wil vir ons hê. Hy wil hê ons moet na Hom toe terugkom met geskeurde harte. Nie eers mooi klere aantrek nie, nie eers my hart skoon kry nie. Nee, flenters soos wat ons is, moet ons kom.

Ons harte moet geskeur wees, want die Here se hart is oor ons geskeur. Tussen die Here en sy volk het die Here met 'n verhouding van liefde en trou begin. Maar Israel het dié verhouding geminag en vertrap en dit het die Here bedroef. Daarom wil die Here hê Israel moet ook so bedroef word, nie omdat hulle swaar getref is deur die sprinkaanplaag nie, maar omdat hulle verhouding met die Here verbreek is. Uit so 'n stukkende hart kom daar trane wat opreg bedoel word.

Die Here het ook tussen Hom en ons met 'n verhouding van liefde en trou begin. Ons het dit al gesê, en ons sê dit nou weer. Hy het niks ontsien om 'n verhouding met ons te hê nie. Hy het sy Seun nie eers gespaar nie maar Hom oorgegee. Die Here wil nie hê dat ons in die ewige dood beland oor ons sondes nie, daarom het Hy die straf vir ons herroep en dit eerder op Jesus Christus laat afkom. Dit het die Here vir ons gedoen sodat ons net die allerbeste kan geniet.

Wat het ons nie al met hierdie liefde van die Here vir ons gedoen nie. Elke keer wanneer ons moedswillig ons eie kop wil volg, is ons besig om hierdie verhouding van die Here met ons te minag en te vertrap. Die Here het daarom alle rede om bedroef oor ons te wees. As die Gees ons die droefheid in die Here se oë laat sien, sal ons nog kan maak asof niks verkeerd is nie? Sal ons nog kan aangaan asof ons reg is en die Here verkeerd? Dit kan tog nie gebeur nie, geliefdes. Kom ons skeur ons harte, kom ons huil en treur oor ons sondes, en ons gaan met ons stukkende harte terug na die Here toe. Hy roep ons in alle erns terug na Hom toe omdat Hy 'n hart-tot-hart-verhouding met ons wil hê.

Gaan jy ook terug na die Here toe, broer, suster en kind? Gaan ons terug na die Here toe? Gelei deur die Heilige Gees gaan ons terug, ja. Ons gaan terug en by die Here gaan ons om genade smee, want Hy het ons geroep. En ja, as ons teruggaan het ons beslis nie reg daarop dat die Here ons moet ontvang en behandel asof daar niks verkeerd

gegaan het in ons verhouding met Hom nie. Maar wie weet wat sal gebeur as elkeen van ons met 'n stukkende hart na die Here toe teruggaan? Wie weet wat sal gebeur as ons gelowiges in hierdie land onvoorwaardelik terugkeer na die Here toe? Wie weet of Hy nie weer voorspoed aan ons sal gee sodat ons en baie ander mense Hom met oorgawe kan dien nie?

Bekering is nie iets wat een maal met ons gebeur en iets wat ons een maal doen en dan is dit verby nie. Bekering is iets wat ons elke dag van ons lewe doen. Daarom moet ons nie verontwaardig voel wanneer ons die bekeringsoproep uit die mond van die Here en sy diensknegte hoor nie. Hy roep ons juis omdat Hy ons by Hom wil hê. In Christus het Hy vir ons die pad na Hom toe oopgemaak sodat ons kan terugkeer. Sy Gees woon en werk in ons en Hy lei ons deur die Woord om deur Christus weer ten volle by God uit te kom. Laat ons nie hierdie roepstem minag nie. Laat ons nie uitstel nie. Vandag is die dag wat ons na Hom luister en terugkeer.

Amen!

Slotgebed

Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof

Psalm 134:4 (p.653)

- 4 Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Psalm 95:1, 4 (p. 477)

- 1 Kom, laat ons jubel voor die HEER, / laat ons Hom toesing lof en eer –
die rots van heil wat ons oordek het. / Laat ons met lof en eerbiedsgroet
sy vriendlike aangesig ontmoet / wat nuwe vreugde in ons gewek het.
- 4 Hy's onse God en Herder, Hy, / en ons die skape van sy wei
wat uittrek onder sy beskerming. / As jul vandag sy roepstem hoor,
verhard jul nie, maar neig jul oor, / merk op die roep van sy ontferming.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
15 Februarie 2015